basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## WISKUNDIGE GELETTERDHEID V2

## FEBRUARIE/MAART 2016

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye, 4 bylaes en 1 antwoordblad.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae. Beantwoord AL die vrae.

2. 2.1 Gebruik die BYLAES om die volgende vrae te beantwoord:

   BYLAE A vir VRAAG 1.1
   BYLAE B vir VRAAG 1.3
   BYLAE C vir VRAAG 3.1
   BYLAE D vir VRAAG 4.1 en VRAAG 4.2

   2.2 Beantwoord VRAAG 3.3.3 op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

   2.3 Skryf jou sentrumnommer en eksamennommer in die spasies op die ANTWOORDBLAD. Lewer die ANTWOORDBLAD saam met jou ANTWOORDEBOEK in.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n goedgekeurde sakrekenaar (nieprogrammeerbaar en niegrafies) gebruik, tensy anders aangedui.

6. Toon AL die berekeninge duidelik aan.

7. Rond AL die finale antwoorde toepaslik volgens die gegewe konteks af, tensy anders vermeld.

8. Dui meeteenhede aan, waar van toepassing.

9. Kaarte en diagramme is NIE volgens skaal geteken NIE, tensy anders aangedui.

10. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1

1.1 Suid-Afrikaanse huishoudings het die afgelope paar jaar 'n groot styging in elektrisiteitskoste ondervind. Mnr. Chan wil graag sy elektriese stoof met 'n gasstoof vervang. Hy het kwotasies van The Alternative Heat Company (Opsie 1) en TG Gasstoof Spesialis (Opsie 2) ontvang, soos in BYLAE A getoon. Van die inligting is weggelaat.

Gebruik BYLAE A om die vrae wat volg te beantwoord.


1.1.1 Bereken die totale bedrag van die kwotasie vir Opsie 1. (5)

1.1.2 Mnr. Chan skat dat die verskil in die totale koste tussen die twee opsies minder as R1 000,00 sal wees.

Verifieer, deur AL die berekeninge te toon, of mnr. Chan se skatting geldig is. (5)

1.1.3 Gee EEN rede waarom mnr. Chan dalk die duurste opsie kan kies. (2)

1.2 'n Gesertifiseerde gashandelaar verkoop 9 kg-gasbottels. Hierdie silindriese bottels word buite die winkel in 'n staalkas gestoor, soos hieronder getoon. Daar is 'n gaping van 10 mm aan weerskante van elke gasbottel wanneer dit op die rak in die staalkas geplaas word.




[Bron: www.takealot.com]

1.2.1 Bereken die maksimum getal gasbottels wat in EEN staalkas kan pas. (2)

1.2.2 'n Maatskappy verkoop reghoekige staalplate met afmetings van 3,4 m by 2,1 m.

Bepaal, deur AL die berekeninge te toon, die maksimum getal rakke vir die staalkas wat uit EEN reghoekige staalplaat gesny kan word. (8)

1.3 'n Gesertifiseerde gashandelaar wat 48 jaar oud is, het in die 2014/2015-belastingjaar 'n belasbare inkomste van R0,742 miljoen verdien en het tot 'n geregistreerde mediese hulpskema vir haarself en vier afhanklikes bygedra. Sy het geprojekteer dat haar belasbare inkomste vir die 2015/2016-belastingjaar dieselfde sou bly.

Bestudeer die belastingtabel en die mediesefonds-krediete in BYLAE B om die vrae wat volg te beantwoord.

1.3.1 Verduidelik die invloed van die belastingkortings en die mediese-fonds-krediete op die belasting betaalbaar. (4)

1.3.2 Die handelaar het bereken dat haar jaarlikse belasting verskuldig aan SAID (Suid-Afrikaanse Inkomstediens), vanaf die 2014/2015-belastingjaar tot die 2015/2016-belastingjaar slegs met R150,00 sou styg.

Verifieer, deur AL die berekeninge te toon, of haar berekening geldig is. (8)

**[34]**

## VRAAG 2

2.1 Werkers in die metaal- en ingenieursbedryf het vanaf 1 Julie 2014 tot 28 Julie 2014 gestaak en 'n loonverhoging van 15% vanaf 1 Julie 2014 geëis. Werkgewers het die geen werk, geen betaling ('no work, no pay')-beginsel toegepas.

TABEL 2 hieronder toon die maandelikse bruto loonaanbod voor die staking en die finale loonskikking vir twee loontariewe, A en H.

**TABEL 2: Loonaanbiedinge voor die staking en die finale, verbeterde aanbiedinge vir twee loontariewe**

| BRUTO MAANDELIKSE LOON JUNIE 2014 | | BRUTO MAANDELIKSE LOON AS GEVOLG VAN STAKING | |
|---|---|---|---|
| **LOON A** | **LOON H** | **LOON A** | **LOON H** |
| R11 000 | R6 000 | ... | ... |

| | WERKGEWERSAANBOD VOOR STAKING (PERSENTASIE VERHOGING) | | VERBETERDE LOONAANBOD AS GEVOLG VAN STAKING (PERSENTASIE VERHOGING) | |
|---|---|---|---|---|
| Julie 2014 | 7,0% | 8,0% | 8,0% | 10,0% |
| Julie 2015 | VPI | VPI + 1% | 7,5% | 10,0% |
| Julie 2016 | VPI | VPI + 1% | 7,0% | 10,0% |

[Bron: www.solidariteit.co.za]

Vir vergelykingsdoeleindes sal die verbruikersprysindeks (VPI) van 6,5% vir beide 2015 en 2016 gebruik word.

**Daaglikse loontarief = Maandelikse loon × 12 ÷ 365**

2.1.1 Daar is bereken dat 'n werker op Loontarief A 'n totaal van R10 834,85 aan loon gedurende die staking verloor het.


(a) Toon, met berekeninge, hoe hierdie verlies bereken is. (6)

(b) Noem vervolgens EEN ander negatiewe finansiële implikasie van 'n uitgerekte staking vir 'n werker. (2)

2.1.2 Verifieer, deur AL die berekeninge te toon, of 'n werker op Loontarief H teen die einde van Junie 2015 die verlies aan inkomste (as gevolg van die geen werk, geen betaling ['no work, no pay')-beginsel] sal kan verhaal deur die verbeterde loonaanbod te gebruik, sonder om oortyd te werk of 'n ekstra werk te hê. (6)

2.2 Die staafgrafiek en ooreenstemmende tabel hieronder stel kwartaallikse veranderinge in Suid-Afrikaanse indiensnemingsyfers voor vanaf die eerste kwartaal in 2008 tot die vierde kwartaal in 2013.

**KWARTAALLIKSE VERANDERINGE IN INDIENSNEMING VANAF DIE EERSTE KWARTAAL IN 2008 TOT DIE VIERDE KWARTAAL IN 2013**




| | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1ste | 0 | -153 | -176 | 5 | -52 | 35 |
| 2de | 147 | -259 | 11 | 18 | 25 | 133 |
| 3de | -36 | -527 | -161 | 197 | 232 | 344 |
| 4de | 220 | 143 | 250 | 218 | -38 | 141 |

[Vertaal uit *Stats SA: Quarterly Labour Force Survey, Quarter 4, 2013*]

Gebruik die grafiek en die tabel hierbo om die vrae wat volg te beantwoord.

2.2.1 Vertolk die data oor indiensnemingsveranderinge vir die eerste kwartaal in 2008. (2)

2.2.2 Identifiseer die jaar waarin die meeste werksverliese voorgekom het EN bereken die totale getal werksgeleenthede wat in daardie jaar verloor is. (5)

2.2.3 Gedurende hierdie tydperk was daar slegs een jaar waarin daar 'n toename in werksgeleenthede vir elke kwartaal van daardie jaar was.

Identifiseer die jaar EN bereken die gemiddelde kwartaallikse toename in indiensnemingsyfers vir daardie jaar. (4)

2.2.4 Bepaal die getal mense wat teen die einde van Maart 2013 in diens was, indien 15 miljoen mense teen die einde van Desember 2013 in diens was. (3)

**[28]**

## VRAAG 3

3.1 Pablo, 'n Meksikaanse student, studeer in die Verenigde Koninkryk (VK). Hy beplan om sy familie in Las Vegas, VSA, te ontmoet om 'n boksgeveg te gaan kyk. Hy sal vanaf Londen Heathrow Lughawe (LHR) na McCarran Internasionale Lughawe (LAS) vlieg.

BYLAE C is 'n diagram wat die sitplekplan van 'n Boeing 767-300 toon. 'n Paadjie is die loopgedeelte tussen die rye sitplekke.

Gebruik BYLAE C om die vrae wat volg te beantwoord.

3.1.1 Bepaal die totale getal Ekonomie Plus ('Economy Plus')-sitplekke. (2)

3.1.2 Bepaal die vereenvoudigde verhouding van die getal Besigheidsklas ('Business Class')-sitplekke tot die getal Ekonomieklas ('Economy Class')-sitplekke. (3)

3.1.3 Gee 'n volledige beskrywing van die roete wat 'n passasier in sitplek 2K sal volg om na 'n vriend in sitplek 38B te loop as hy nie ander passasiers wil hinder deur tussen die rye in die vol vliegtuig deur te beweeg nie. (5)

3.1.4 Een van die passasiers in die Besigheidsklas ('Business Class') het koffie bestel.

Bepaal die waarskynlikheid (as 'n persentasie) dat hierdie passasier NIE 'n sitplek langs die paadjie het NIE. (3)

3.1.5 Gee EEN rede waarom die prys van 'n Eersteklas ('First Class')-vliegtuigkaartjie baie hoër is as die prys van 'n Ekonomieklas ('Economy Class')- vliegtuigkaartjie. (2)

3.2 Die vlugafstand tussen die twee lughawens is 5 223,086 myl. Pablo se vlug het om 17:14 vanaf LHR na LAS vertrek. Toe hy die volgende dag op LAS aankom, was die tyd in LHR 04:11.

**Herleidingstabel:**

| MYL | JAART | KILOMETER | METER |
|---|---|---|---|
| 1 | 1 760 | 1,609 | 1 609 |
| 0,6215 | 1 093,84 | 1 | 1 000 |

**1 knoop = 1,852 km/h**

Bereken die gemiddelde spoed, in knope, waarteen die vliegtuig gevlieg het.

Die herleidingstabel en die volgende formule kan gebruik word:

**Afstand afgelê (in km) = gemiddelde spoed (in km/h) × tyd (in uur)** (6)

3.3 Die Wêreldboksraad (WBR) ('World Boxing Council [WBC']) vervaardig en verkoop replika-WBR-kampioenskapbelde en spesiale verpersoonlikte getekende T-hemde. Hulle het 'n aanvangskoste van VSA$15 000 en 'n produksiekoste van VSA$105 per T-hemp om die T-hemde te vervaardig

**T-hemp**




**Replika-WBR-beld**




Die WBR verkoop die T-hemde teen $175,00 elk en die belde teen $250,00 elk.

Die produksiekoste vir die replika-WBR-beld word deur die volgende formule gegee:

**Totale produksiekoste van belde (in VSA$) = 27 000 + 75 × getal belde**

TABEL 3 hieronder toon die totale produksiekoste en totale inkomste vir die verkoop van WBR-belde (in Amerikaanse dollar).

**TABEL 3: Totale produksiekoste en totale inkomste vir die verkoop van WBR-belde (in Amerikaanse dollar)**

| | GETAL BELDE | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **0** | **100** | **400** | **A** | **800** | **1000** |
| Totale produksiekoste | 27 000 | 34 500 | 57 000 | 79 500 | **B** | 102 000 |
| Totale inkomste | 0 | 25 000 | **C** | 175 000 | 200 000 | 250 000 |

[Bron: www.wbcboxingusa.com]

3.3.1 Bereken die ontbrekende waardes **A**, **B** en **C**. (5)

3.3.2 Bepaal die totale inkomste indien die WBR 800 belde en 1 000 T-hemde verkoop. (3)

3.3.3 Die reguitlyngrafieke vir die totale produksiekoste van en totale inkomste uit die verkoop van belde, asook die inkomste uit die verkoop van die T-hemde, is op die ANTWOORDBLAD geteken.

(a) Teken nog 'n reguitlyngrafiek op dieselfde assestelsel wat op die ANTWOORDBLAD gegee is, wat die totale produksiekoste vir die vervaardiging van die T-hemde voorstel. (6)

(b) Toon op jou grafiek die winslesing aan wat uit die vervaardiging en verkoop van 600 T-hemde gemaak word. (2)

**[37]**

## VRAAG 4

4.1

> Daar is gewone skole en spesiale skole in Suid-Afrika. Spesiale skole is bedoel vir leerders met spesiale behoeftes. Gewone skole word in openbare en onafhanklike skole ingedeel.
>
> Die staat befonds gewoonlik gewone skole en sommige skole hef skoolfonds.
>
> 'n Koerant het in Februarie 2015 data oor die getal leerders, onderwysers en skole per provinsie in Suid-Afrika gepubliseer. Verwys na TABEL 4 en TABEL 5 in BYLAE D.
>
> TABEL 4 toon data van 2014 oor die getal leerders, onderwysers en skole in die gewoneskool-sektor per provinsie.
>
> TABEL 5 toon data vanaf 2012 tot 2014 oor die getal leerders en onderwysers in die gewoneskool-sektor per provinsie.

Gebruik BYLAE D om die vrae wat volg te beantwoord.

4.1.1 Toon ALLE berekeninge en identifiseer die provinsie waarin ongeveer 46% van die totale getal leerders by onafhanklike skole skoolgaan. (3)

4.1.2 'n Onderwyser van 'n gewone openbare skool word willekeurig gekies om in 2014 'n nasionale konferensie by te woon.

Bepaal die waarskynlikheid dat hierdie onderwyser 'n onderwyser van die Oos-Kaap sal wees. (2)

4.1.3 Bereken die ontbrekende waarde **A** as die gemiddelde getal leerders per provinsie in openbare skole 1 346 335 is. (5)

4.1.4 Nadat 'n onderwyser die data in TABEL 4 gelees het, het hy beweer:

'In Suid-Afrika is die onderwyser-tot-leerder-verhouding van onafhanklike skole beter as dié van openbare skole.'

Verifieer, deur AL die berekeninge te toon, of hierdie onderwyser se bewering geldig is. (6)

4.1.5 Die getal leerders in gewone skole het van 2012 tot 2014 toegeneem. Gee EEN moontlike rede vir hierdie jaarlikse toename. (2)

4.2 Wanneer die Minister van Onderwys die bedrag toeken wat vir die befondsing van skole in elke provinsie gebruik sal word, ken sy R530 per kind per maand toe, wat op die vorige jaar se inskrywingsdata gebaseer is.


Gebruik BYLAE D om die vrae wat volg te beantwoord.

4.2.1 Bereken die befondsingsbedrag wat vir die 2015/2016-begroting aan die Vrystaat toegeken is, gebaseer op die leerderinskrywingsdata. (3)

4.2.2 Bepaal die jaarlikse persentasie verandering in die leerderinskrywing van die provinsie met die hoogste leerderinskrywingsyfer tussen 2013 en 2014. (3)

4.3 'n Maatskappy wil graag 'n driedimensionele (3D-) model van 'n 21$^{ste}$ eeuse klaskamer bou. Dit moet 'n skaalmodel van 'n werklike klaskamer wees wat hulle by 'n skool gebou het.

**3D-AANSIG VAN WERKLIKE KLASKAMER**



**TAFEL GEBRUIK VIR SKAALMODEL**



Die werklike afmetings van die klaskamer is:

lengte = 7,5 m; breedte = 6,5 m en hoogte = 3 m

Die 3D-skaalmodel van die klaskamer moet op 'n reghoekige tafelblad met die volgende afmetings pas:

lengte = 1,75 m en breedte = 1 m

Slegs die helfte van die tafelblad se oppervlakte kan vir die skaalmodel gebruik word.

Verifieer, deur AL die berekeninge te toon, of 'n skaal van 1 : 8 vir die skaalmodel geskik sal wees. (5)

**[29]**

## VRAAG 5

5.1 Mev. Dundee, 'n boer in Australië, het vier silo's op haar plaas waarin sy kunsmis stoor, soos in die foto en diagram hieronder getoon. Die silo's is silindries met 'n dakgedeelte. Kunsmis word slegs in die silindriese deel van die silo's gestoor.

**FOTO VAN VIER SILO'S**





**DIAGRAM VAN EEN SILO**




[Bron: www.cicrobulk.co.za]

Die volgende formule en herleidingskoerse kan gebruik word:

**Volume van 'n silinder = $\pi$ × (radius)² × hoogte**; gebruik $\pi$ = 3,142
**1 m³ = 1 000 ℓ**
**1,3 kg = 1 liter**
**1 gelling = 3,7 liter**

5.1.1 Bereken die deursnee van 'n silo as die volume van die silindriese deel 60 m³ is. (5)

5.1.2 Bereken die totale maksimum kapasiteit (in gelling) van die vier silo's. (4)

5.1.3 Mev. Dundee wil die oorblywende kunsmis gebruik vir 'n koringland wat 1 055 akker groot is, nadat al haar hooflanderye kunsmis gekry het.

Die kapasiteitslesings vir die vier silo's is soos volg:

- Silo 1: 15% vol
- Silo 2: $\frac{1}{4}$ vol
- Silo 3 en 4: leeg

Verifieer, deur AL die berekeninge te toon, of sy genoeg kunsmis vir die koringland in haar silo's sal oorhê as die strooi-koers 22,65 kg kunsmis per akker is. (6)

5.2 TABEL 6 hieronder toon die totale maandelikse reënval in millimeter vir Sydney (Australië) vir 2012 tot 2015.

**TABEL 6: Totale maandelikse reënval (in millimeter) vir Sydney vanaf 2012 tot 2015**

| **Jaar** | **Jan.** | **Feb.** | **Mrt.** | **Apr.** | **Mei** | **Jun.** | **Jul.** | **Aug.** | **Sep.** | **Okt.** | **Nov.** | **Des.** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2012 | 53,8 | 18,8 | 191,6 | 206,2 | 135,6 | 93,8 | 282,2 | 52,2 | 71,6 | 37,4 | 148,4 | 78,4 |
| 2013 | 138,8 | 111,0 | 269,8 | 187,0 | 37,2 | 244,2 | 56,2 | 19,0 | 23,8 | 29,4 | 52,0 | 45,2 |
| 2014 | 137,8 | 165,4 | 65,5 | 199,8 | 110,2 | 316,4 | 32,6 | 14,8 | 35,8 | 42,2 | 192,8 | 31,0 |
| 2015 | 17,4 | 58,2 | 102,6 | 121,0 | 27,4 | 68,0 | 16,4 | 215,2 | 50,4 | 86,6 | 16,0 | 118,0 |

[Aangepas uit www.au.gov]

Australië is 'n land in die Suidelike Halfrond waar die seisoene ongeveer drie maande lank is en die somer in Desember begin.

Ontleed die gemiddelde reënval gedurende die **wintermaande** vir Sydney EN voorspel die kans dat die gemiddelde reënval vir die wintermaande in 2016 hoër as 100 mm sal wees. Toon ALLE berekeninge. (7)

**[22]**

**TOTAAL: 150**

**BYLAE A**

**VRAAG 1.1.1 TOT VRAAG 1.1.3**


**OPSIE 1**

| **KWOTASIE** | | | |
|---|---|---|---|
| The Alternative Heat Company<br>Nelsonrylaan 375<br>Upington<br>1826 | DATUM | 23/04/2015 | |
| | FAKTUURNOMMER | # 1431 B | |
| | KLANT-ID | Won 283 | |
| **Uitgereik aan:**<br>Mnr. RS Chan<br>Derde Laan 23<br>Upington | | | |

| **BESKRYWING** | **HOEVEELHEID** | **PRYS, 14% BTW UITGESLUIT** | **BEDRAG IN RAND** |
|---|---|---|---|
| Defy DHG 121-gasstoof | 1 | R2 893,86 | R2 893,86 |
| Leë 9 kg-gasbottel | 1 | R394,74 | R394,74 |
| Hervul 9 kg-gasbottel | 9 kg | R20,00 (per kg) | ... |
| Interne installasie (onderdele en gas-sertifikaat ingesluit) | 1 | R2 719,30 | R2 719,30 |
| Gaspypleiding | 2 m | R15,35 per meter | ... |
| | | SUBTOTAAL | ... |
| | | 14% BTW | ... |
| | | **TOTALE BEDRAG** | ... |
| **HIERDIE KWOTASIE IS GELDIG VIR 14 DAE VANAF DATUM VAN UITREIKING.** | | | |

**OPSIE 2**

**TG Gasstoof Spesialis**
Rooiness-straat 37, Upington, 1826



**Kwotasie :** # 1416 **Datum:** 25/04/2015
**Uitgereik aan:** RS Chan
Derde Laan 23
Upington

| **ITEMBESKRYWING** | **AFMETINGS** | **PRYS 14% BTW INGESLUIT** |
|---|---|---|
| Vyfplaatstoof, elk | 900 mm | R3 499,00 |
| Gasbottelsilinder, elk | 9 kg | R499,00 |
| Hervul 9 kg-gasbottel-silinder, elk | per 9 kg | R189,00 |
| Pyp-en-regulatorstel | | R235,00 |
| 4 metaalklemme @ R3,50 elk | | ... |
| Koperpyp @ R23,50/m | 2 m | ... |
| Installasie deur gesertifiseerde gastegnikus @ R350,00 per uur | | ... |
| Gassertifikaat | | R349,00 |
| **Totale Koste (BTW ingesluit)** | | ... |

**LET WEL: Installasie van gasstoof neem 3 uur.**

[Bron: www.vertex42.com]

**BYLAE B**

**VRAAG 1.3**

**TABEL 1: SAID-belastingkoerse plus mediesefonds-krediete vir twee belastingjare wat op 29 Februarie 2016 en 28 Februarie 2015 eindig**

Statutêre koerse vir persoonlike inkomstebelasting vir individue:

**JAAR VAN ASSESSERING EINDIGENDE 29 FEBRUARIE 2016**

| BELASBARE JAARLIKSE INKOMSTE (R) | BELASTINGKOERS (R) |
|---|---|
| 0–181 900 | 18% van belasbare inkomste |
| 181 901–284 100 | 32 742 + 26 van belasbare inkomste bo 181 900 |
| 284 101–393 200 | 59 314 + 31% van belasbare inkomste bo 284 100 |
| 393 201–550 100 | 93 135 + 36% van belasbare inkomste bo 393 200 |
| 550 101–701 300 | 149 619 + 39% van belasbare inkomste bo 550 100 |
| 701 301 en hoër | 208 587 + 41% van belasbare inkomste bo 701 300 |

**JAAR VAN ASSESSERING EINDIGENDE 28 FEBRUARIE 2015**

| BELASBARE JAARLIKSE INKOMSTE (R) | BELASTINGKOERS (R) |
|---|---|
| 0–174 550 | 18% van belasbare inkomste |
| 174 551–272 700 | 31 419 + 25% van belasbare inkomste bo 174 550 |
| 272 701–377 450 | 55 957 + 30% van belasbare inkomste bo 272 700 |
| 377 451–528 800 | 87 382 + 35% van belasbare inkomste bo 377 450 |
| 528 001–673 100 | 140 074 + 38% van belasbare inkomste bo 528 000 |
| 673 001 en hoër | 195 212 + 40% van belasbare inkomste bo 673 100 |

**BELASTINGKORTINGS**

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| Primêre korting | R13 257 | R12 726 |
| Sekondêre korting (vir persone 65 jaar en ouer) bykomend tot primêre korting | R7 407 | R7 110 |
| Tersiêre korting (vir persone 75 jaar en ouer) bykomend tot primêre en sekondêre korting | R2 466 | R2 367 |

**MEDIESEFONDS-KREDIETE MET BETREKKING TOT MAANDELIKSE MEDIESEFONDSBYDRAES**

| | 2016 | 2015 |
|---|---|---|
| Slegs belastingbetaler | R270 | R257 |
| Eerste afhanklike | R270 | R257 |
| Bykomende afhanklikes | R181 elk | R172 elk |

[Aangepas uit www.bdo.co.za]


Kopiereg voorbehou

**BYLAE C**

**VRAAG 3.1**

**SITPLEKPLAN VAN BOEING 767-300**

Vertaling: Front – Voorkant
Aisle – Paadjie
Rear – Agterkant




| SLEUTEL | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eersteklas (First Class) -sitplek | Besigheidsklas (Business Class) -sitplek | Ekonomie Plus (Economy Plus) -sitplek | Ekonomie (Economy) -sitplek | Uitgang | Toilet | Stoorplek | Galei/Kombuis |

[Bron: www.britishairways.com]

Kopiereg voorbehou

## BYLAE D

**TABEL 4: Getal Suid-Afrikaanse leerders, onderwysers en skole in die gewoneskool-sektor per provinsie gedurende 2014**

| PROVINSIE | GETALLE VAN GEWONESKOOL-SEKTOR | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | OPENBARE | | | ONAFHANKLIKE | | |
| | LEERDERS | ONDERWYSERS | SKOLE | LEERDERS | ONDERWYSERS | SKOLE |
| Oos-Kaap | 1 889 307 | 61 260 | 5 554 | 57 578 | 2 998 | 178 |
| Vrystaat | 656 408 | 23 631 | 1 306 | 15 882 | 921 | 70 |
| Gauteng | 1 944 486 | 60 782 | 2 070 | 246 989 | 16 483 | 651 |
| KwaZulu-Natal | 2 831 311 | 90 497 | 5 915 | 70 386 | 5 063 | 236 |
| Limpopo | **A** | 54 704 | 3 929 | 55 069 | 2 552 | 147 |
| Mpumalanga | 1 034 151 | 33 613 | 1 762 | 23 637 | 1 387 | 105 |
| Noord-Kaap | 284 908 | 8 880 | 551 | 4 096 | 302 | 26 |
| Noordwes | 784 184 | 25 004 | 1 515 | 16 132 | 1 082 | 55 |
| Wes-Kaap | 1 026 744 | 32 237 | 1 458 | 48 652 | 3 694 | 213 |
| **TOTAAL** | **…** | **390 608** | **24 060** | **538 421** | **34 482** | **1 681** |

**TABEL 5: Totale getal Suid-Afrikaanse leerders en onderwysers in die gewoneskool-sektor per provinsie vanaf 2012 tot 2014**

| PROVINSIE | LEERDERS | | | ONDERWYSERS | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2012 | 2013 | 2014 | 2012 | 2013 | 2014 |
| Oos-Kaap | 1 951 523 | 1 938 078 | 1 946 885 | 67 936 | 66 007 | 64 258 |
| Vrystaat | 661 974 | 664 508 | 672 290 | 24 828 | 24 475 | 24 552 |
| Gauteng | 2 075 387 | 2 129 526 | 2 191 475 | 73 960 | 74 823 | 77 265 |
| KwaZulu-Natal | 2 877 969 | 2 866 570 | 2 901 697 | 94 932 | 96 057 | 95 560 |
| Limpopo | 1 715 778 | 1 714 832 | 1 720 585 | 57 670 | 57 108 | 57 256 |
| Mpumalanga | 1 054 783 | 1 052 807 | 1 057 788 | 34 664 | 34 936 | 35 000 |
| Noord-Kaap | 277 494 | 282 631 | 289 004 | 8 864 | 8 972 | 9 182 |
| Noordwes | 775 142 | 788 261 | 800 316 | 25 924 | 26 194 | 26 086 |
| Wes-Kaap | 1 038 019 | 1 052 435 | 1 075 396 | 36 389 | 36 451 | 35 931 |
| **TOTAAL** | **12 428 069** | **12 489 648** | **12 655 436** | **425 167** | **425 023** | **425 090** |

[Aangepas uit www.dbe.gov.za]


**ANTWOORDBLAD**

**VRAAG 3.3.3**

**SENTRUMNOMMER**

**EKSAMENNOMMER**

**TOTALE INKOMSTE UIT EN TOTALE KOSTE VAN DIE VERVAARDIGING EN VERKOOP VAN T-HEMDE EN BELDE**




SLEUTEL: $I_B$ = Inkomste uit die verkoop van belde
$I_T$ = Inkomste uit die verkoop van T-hemde
$K_B$ = Koste van die vervaardiging van belde

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## WISKUNDIGE GELETTERDHEID V2

## FEBRUARIE/MAART 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

| **Simbool** | **Verduideliking** |
|---|---|
| M | Metode |
| MA | Metode met akkuraatheid |
| CA | Deurlopende akkuraatheid |
| A | Akkuraatheid |
| C | Herleiding |
| S | Vereenvoudiging |
| RD/RT/RG | Aflees van 'n tabel/grafiek/kaart/diagram |
| SF | Korrekte vervanging in 'n formule |
| O | Opinie/rede/afleiding |
| P | Penalisasie, bv. vir geen eenhede nie, verkeerde afronding, ens. |
| R | Afronding |
| NP | Geen penalisasie vir afronding |

**Hierdie memorandum bestaan uit 14 bladsye.**

**VRAAG 1 [34 PUNTE]**

| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | SUBTOTAAL<br>= R2 893,86 + R394,74 ✓A + R180 + R2 719,30 ✓A + R30,70<br>= R6 218,60 ✓CA<br>Berekening van BTW<br>= R6 218,60 × 14% **OF** **A** = R6 218,60 × 1,14 ✓M<br>= R870,60 ✓M = R7 089,20 ✓CA<br><br>A = R6 218,60 + R870,60<br>= R7 089,20 ✓CA | 1A koste van gas<br>1A koste van gas pypleiding<br>1M optelling<br><br>1M berekening van BTW<br><br>1CA vir vereenvoudiging<br>(5) | F<br>L2 |
| 1.1.2 | OPSIE 2<br><br>Totale koste = R3 499,00 + R499,00 + R189,00 + R235,00<br>✓✓M<br>+ (4 × R3,50) + $(R\,23{,}50 \times 2)$ + $(R\,350{,}00 \times 3)$ + R349,00<br><br>= R5 882,00 ✓CA<br><br>Verskil in prys = R7 089,20 – R5 882,00<br>= R1 207,20 ✓CA<br><br>Mnr. Chan se skatting is NIE geldig NIE. ✓O | 2M vir optelling van alle korrekte waardes<br>1CA vereenvoudiging<br><br>1CA vir die verskil<br><br>1O gevolgtrekking<br>(5) | F<br>L4 |
| 1.1.3 | Die maak van die gasstoof. ✓✓O<br><br>**OF**<br><br>Geen tyd om van winkel na winkel te loop nie. ✓✓O<br><br>**OF**<br><br>Die Maatskappy sal die stoof installeer. ✓✓O<br><br>**OF**<br><br>Geëerde handelaar. ✓✓O<br><br>**OF**<br><br>Na verkope diens ✓✓O<br><br>**OF**<br><br>Enige geskikte antwoord ✓✓O | 2O (enige geskikte antwoord)<br><br>(2) | F<br>L4 |

| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Lengte = 5 bottels<br>Wydte = 2 bottels<br>Hoogte = 2 bottels } ✓M<br><br>Aantal bottels in staalkas = 5×2× 2 = 20 bottels ✓CA | 1M vir die getal bottels per dimensie<br><br>1CA totale getal bottels<br>(2) | M<br>L2 |
| 1.2.2 | Lengte van rak = 10 mm × 6 + 314 mm × 5<br>= 60 mm + 1 570 mm ✓M<br>= 1 630 mm ✓CA<br><br>Breedte van rak = 10 mm × 3 + 314 mm × 2<br>= 30 mm + 628 mm ✓M<br>= 658 mm ✓CA<br><br>Breedte van reghoekige staalplaat = 3,4 m = 3 400 mm✓C<br><br>Breedte van reghoekige staalplaat = 2,1 m = 2 100 mm<br><br>Lengte by lengte = 2 raklengtes ✓CA<br><br>Breedte by breedte = 3 rakbreedtes ✓CA<br><br>Totale aantal rakke = 2 × 3<br>= 6 rakke ✓CA | 1M optelling van korrekte lengtes<br>1CA berekening van totale lengte<br>1M optelling van korrekte breedtes<br>1CA antwoord<br><br>1C herleiding na mm<br><br>1CA getal lengtes<br><br>1CA getal breedtes<br><br>1CA aantal rakke<br>(8) | M<br>L3 |

| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Belastingskorting verminder die belasting betaalbaar. ✓✓O<br><br>Mediese fondskrediete verminder die belasting betaalbaar. ✓✓O | 2O rede<br><br>2O rede<br><br>(4) | F<br>L4 |
| 1.3.2 | Belasbare inkomste = R742 000<br>**Belasting in 2015/2016**<br>✓RT ✓ MA<br>Belasting betaalbaar = R208 587 + 41% of (R742 000 – R701 300) – R13 257 – 12 × (2 × R270 + 3 × R181) ✓ MA<br><br>= R208 587 + 41% of (R40 700) – R13 257 – 12 × (R540 + R543)<br><br>= R208 587 + R16 687 – R13 257 – R12 996 ✓CA<br><br>= R199 021 ✓CA<br><br>**Belasting in 2014/2015**<br>TI = R195 212 + 40% of (R742 000 – R673 100) – R12 726 – 12 × (2 × R257 + 3 × R172)<br><br>= R195 212 + 40% of (R68 900) – R12 726 – 12 × (R514 + R516)<br><br>= R195 212 + R27 560 – R12 726 – R12 360 ✓CA<br><br>= R197 686 ✓CA<br><br>✓O<br>Haar bewering is verkeerd, dit verhoog met R1 335,00. | 1RT belasting kategorie<br>1MA korrekte waardes<br>1MA aftrekking van korrekte waardes<br><br>1CA vereenvoudiging<br><br>1CA totaal<br><br>1CAvereenvoudiging<br><br>1CA totaal<br><br>1O aftrekking<br><br>(8) | F<br>L4 |
| | | **[34]** | |


| VRAAG 2 [28 PUNTE] | | | |
|---|---|---|---|
| **Vraag** | **Oplossing** | **Verduideliking** | **Vlak** |
| 2.1.1(a) | Julie salaris vir 'n werker op loon tarief A<br>= R11 000 × 7% + R11 000 ✓M<br>= R770 + R11 000 ✓CA<br>=R11 770 ✓CA<br>Daaglikse verdienste = R11 770 × 12 ÷ 365 ✓M<br>= R386, 9589041 ✓CA<br>Verdienste verloor na 28 dae = R386, 9589041 × 28<br>= R10 834,85 ✓CA | 1M Berekening van 7% verhoging<br>1CA berekening van loon na verhoging<br>1CA vereenvoudiging<br>1M vir berekening van daaglikse tarief<br>1CA vermenigvuldiging van 28<br>1CA berekening van verlies in inkomste<br>(6) | F<br>L3 |
| 2.1.1(b) | Werkers se skuld kan nie betaal word nie/onbetaalde skuld werf rente wat skuld bydra. ✓✓O<br>**OF**<br>Dit neem 'n lang tyd om geld op te maak wat verloor was deur 'n staking. ✓✓O<br>**OF**<br>Werkers kan werkloos wees as die maatskappy sy deure sluit as gevolg van ' lang uitgerekte staking.✓✓O<br>**OF**<br>Werkers kan besnoei word as gevolg van verminderde besigheid. ✓✓O | 2O vir enige korrekte rede<br>(2) | F<br>L4 |

| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
|---|---|---|---|
| 2.1.2 | Loon aan die einde van Julie indien nie gestaak het nie<br><br>= R6 000 + R6 000 × 8% ✓ MA<br><br>= R6 000 + R480<br><br>= R6 480,00 ✓ CA<br><br>Verlies van inkomste a.g.v. 28 dae staking<br><br>= R6 480 × 12 ÷ 365 × 28<br><br>= R213,04 × 28<br><br>= R5 965,15 ✓ CA<br><br>Voordeel in verhoging na staking<br><br>= R6 000 × 2%<br><br>= R120 ✓ CA<br><br>Salaris voordeel van einde Julie 2014 tot einde Junie 2014<br><br>= 120 × 11<br><br>= R1 320,00 ✓ CA<br><br>Nee, hy sal nie die verlies kan opmaak nie. ✓ O | 1M berekening van salaris indien nie gestaak het nie<br><br>1CA berekening van 'n nuwe salaris<br><br>1CA berekening van die verlies 28 dae se staking<br><br>1CA bereken verskil in verhoging a.g.v. staking<br><br>1CA berekening van voordeel in salaris<br>1O Afleiding<br>(6) | F<br>L4 |

| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | Geen verandering in werksgeleentheid nie. ✓✓O<br>**OF**<br>Werksgeleentheidsyfers bly onveranderd ✓✓O | 2R interpretasie<br>(2) | D<br>L4 |
| 2.2.2 | Die jaar 2009 ✓✓A<br><br>Aantal verlore werksgeleenthede<br>= 153 000 + 259 000 + 527 000 – 143 000 ✓✓RT<br>= 796 000 ✓CA | 1A aflees van die korrekte jaar.<br>2RT aflees van korrekte waardes van tabel<br>1CA vereenvoudiging<br>(5) | DH<br>L3 |
| 2.2.3 | Die jaar 2011 ✓RT<br><br>Positiewe verbeteringe was ervaar vir al vier kwartale.<br><br>**2011:**<br><br>$= \frac{5+18+197+218}{4}$ ✓ MA ✓ M<br>= 109,5 duisend<br><br>= 109 500 ✓ CA | 1RT benoeming van die korrekte jare naamlik 2011 en 2013<br><br>1MA optelling van al die tellings<br>1M deel deur 4<br><br>1CA berekening van die gemiddelde<br>(4) | DH<br>L3 |
| 2.2.4 | Aantal persone<br>= 15 000 000 – (141 000 + 344 000 + 133 000) ✓ M ✓ A<br>= 15 000 000 – 618 000<br><br>= 14 382 000 ✓ CA | 1 A aflees van korrekte waardes<br>1M aftrekking<br><br>1CA vereenvoudiging<br><br>(3) | DH<br>L3 |
| | | **[28]** | |

| VRAAG 3 [37 PUNTE] | | | |
|---|---|---|---|
| **Vraag** | **Oplossing** | **Verduideliking** | **Vlak** |
| 3.1.1 | 71 ✓✓A | 2A vir die korrekte getal sitplekke (2) | MP L2 |
| 3.1.2 | Verhouding van Besigheidsklassitplekke tot Ekonomie-sitplekke<br>= 26 : 80 ✓A ✓A<br>= 13 : 40 ✓CA | 1A telling van 26<br>1A telling van 80<br>1CA vereenvoudigde verhouding (3) | MP L2 |
| 3.1.3 | • Staan op draai links ✓O en loop af die gang na die galei/kombuis. ✓O<br>• Draai regs ✓O en loop na die volgende gang/gaan verby die galei en draai links. ✓O<br>• loop reguit af die gang totdat jy ry 38 kry, jou vriend is op jou regterkant ✓O<br>**OF**<br>• Staan op draai links ✓O en loop af die gang na die galei/kombuis. ✓O<br>• Hou aan reguit en gaan verby die toilet aan die einde en draai regs. ✓O<br>• Loop na die volgende gang en draai regs. ✓O<br>• Loop reguit aan na die tweede ry van agter en jou vriend is op jou linkerkant. ✓O | 1O draai links<br>1O galei<br>1O draai regs<br>1O draai links<br>1O regterkant<br><br>1O draai links<br>1O galei<br>1O draai regs<br>1O draai regs<br>1O linkerkant (5) | MP L2 |
| 3.1.4 | Waarskynlikheid $= \frac{9}{26} \times 100\%$ ✓A ✓A<br>$= 34{,}62\%$ ✓CA | 1A teller<br>1A noemer<br>1CA persentasie (3) | P L2 |
| 3.1.5 | Die gemak as gevolg van die grootte van die sitplek ✓✓O<br>**OF**<br>Beter aanboord-diens ontvang ✓✓O<br>**OF**<br>Meer bagasie toegelaat ✓✓O<br>**OF**<br>Enige aanvaarbare antwoord | 2O rede (2) | MP L4 |

| Vraag | Oplossing | Verduideliking | Vlak |
|---|---|---|---|
| 3.2 | Afstand in km = $\frac{5222,086}{0,6215}$ km = 8 402 km ✓ C<br><br>Tyd geneem = 24 h – 17h14min + 4h 11min ✓ A<br><br>Tyd = 10,95 uur ✓ C<br><br>Spoed = $\frac{8\,402}{10,95}$ km/h ✓M = 767,31 km/h ✓ CA<br><br>Spoed in knope = $\frac{767,31}{1,852}$ = 414,31 ✓ CA | 1C tot km<br><br>1A korrekte tyd<br><br>1C herleiding na ure<br><br>1M vervanging<br>1CA spoed<br><br>1CA spoed in knope<br>(6) | M<br>L3 |
| 3.3.1 | A = \$175 000 ÷250 ✓ M **OF** A = $\frac{\$79\,500 - 27\,000}{75}$ ✓ M<br><br>= 700 belde ✓ CA<br><br>B = \$27 000 + \$75 × 800 ✓ M<br><br>= \$87 000 ✓ CA<br><br>C = \$250 × 400<br><br>= \$100 000 ✓ CA | 1M deling deur 250<br>1CA vereenvoudiging<br><br>1M optelling van US\$27 000 en vermenigvuldiging met US\$75<br>1CA vereenvoudiging<br><br>1A waarde<br>(5) | F<br>L2<br>L3 |
| 3.3.2 | Inkomste = \$250 × 800 ✓ A + \$175 × 1 000 ✓ A<br><br>= \$375 000 ✓ CA | 1A inkomste van bande<br>1A inkomste van T-hemp<br>1CA vereenvoudiging<br><br>(3) | F<br>L2 |

<table>
<tr><th>Vraag</th><th>Oplossing</th><th>Verduideliking</th><th>Vlak</th></tr>
<tr><td>3.3.3(a)<br>en<br>(b)</td><td colspan="2">Punte vir die grafiek wat geteken moet word:<br>(0 ; 15 000); (100; 25 500); (200; 36 000); (300; 46 500); (400 ; 57 000); (500; 67 500); (600; 78 000); (700; 88 500); (800 ; 99 000); (900; 109 500); (1 000; 120 000);<br><br>TOTALE INKOMSTE UIT EN TOTALE KOSTE VIR DIE VERVAARDIGING EN VERKOOP VAN T-HEMDE EN BELDE<br>
<br>SLEUTEL: $I_B$ = Inkomste van die verkope van belde<br>$I_T$ = Inkomste van die verkope van T-hemde<br>$K_B$ = Koste van die vervaardiging van belde<br><br>1A beginpunt 1A eindpunt<br>3A vir enige ander korrekte punte 1A verbinding van punte<br>(6)</td><td>F<br>L3</td></tr>
<tr><td>3.3.3(b)</td><td colspan="2">Vertikale lyn by 600 items tussen inkomste- en koste-grafieke. Verwys na grafieklyn XY.<br>(2)</td><td></td></tr>
<tr><td></td><td colspan="2">[37]</td><td></td></tr>
</table>

| VRAAG 4 [29 PUNTE] | | | |
|---|---|---|---|
| **Vraag** | **Oplossing** | **Verduideliking** | |
| 4.1.1 | 46% of 538 421 = 247 674 ✓A<br><br>Die naaste is Gauteng ✓A met 246 989. ✓RT<br><br>**OF**<br><br>Gauteng $= \frac{246\,989}{538421} \times 100\% = 45{,}87\%$ ✓RT ✓A<br>Gauteng. ✓A | 1RT aflees van data van die tabel<br>1A berekening van persentasie<br>1A provinsie<br><br>1RT aflees van data van die tabel<br>1A berekening van persentasie<br>1A provinsie<br>(3) | DH<br>L2 |
| 4.1.2 | P(onderwyser van OK) $= \frac{61\,260}{390\,608}$ ✓A ✓M<br>$= 0{,}1568..$<br>$\approx 0{,}16$ OF 15,68% | 1A aantal onderwysers<br>1M waarskynlikheid<br>(2) | P<br>L3 |
| 4.1.3 | Totale aantal leerders = 9 × 1 346 335 ✓M<br>= 12 117 015 ✓CA<br><br>A = 12 117 015 – (1 889 307 + 656 408 + 1 944 486 + 2 831 311 +1 034 151 + 284 908 + 784 184 + 1 026 744) ✓A<br><br>A = 12 117 015 – 10 451 499 ✓M<br><br>= 1 665 516 ✓CA | 1M vermenigvuldiging<br>1CA vereenvoudiging<br>1A optelling van alle korrekte waardes<br>1M aftrekking van alle korrekte waardes<br>1CA vir die waarde van A<br>(5) | DH<br>L2<br>L3 |
| 4.1.4 | Openbare skool se onderwyser-leerder-verhouding<br>✓M<br>390 608 : 12 117 015 ✓M<br>1: 31,0209 ✓CA<br><br>Onafhanklike skole<br><br>34 482 : 538 421 ✓M<br>1 : 15,6145 ✓CA<br><br>Die onderwyser se bewering is geldig. ✓O | 1M gebruik van korrekte waardes<br>1M konsep van verhouding<br>1CA vereenvoudigde verhouding<br><br>1M korrekte waardes en verhouding<br>1CA vereenvoudigde verhouding<br>1O korrekte afleiding<br>(6) | DH<br>L4 |

| Vraag | Oplossing | Verduideliking | |
|---|---|---|---|
| 4.1.5 | Leerder se getalle verhoog jaarliks. ✓✓ O<br><br>**OF**<br><br>Leerders beweeg vanaf spesiale skole na gewone skole. ✓✓ O | 2O rede<br><br>2O rede<br>(2) | DH<br>L4 |
| 4.2.1 | R530 × 672 290 × 12 ✓M = R 4 275 764 400,00. ✓✓ A | 1M Vermenigvuldiging<br>2A Oplossing<br>(3) | DH<br>L2 |
| 4.2.2 | KZN ✓A het die hoogste:<br><br>2014/2015:<br>$\frac{2\ 901\ 697 - 2\ 866\ 570}{2\ 866\ 570} \times 100\%$ ✓M/A<br>= 1,2254…%<br>≈ 1,23% ✓CA | 1A korrekte provinsie<br><br>1M/A berekening<br><br>1CA persentasie<br>(3) | DH<br>L3 |
| 4.3 | Lengte van tafel = 1,75 m ✓ A<br>Die helfte van die lengte van die tafel = 1,75 m ÷2 = 0,875 m<br><br>**As skaal 1 : 8 gebruik word**<br><br>Lengte van model = 7,5 m ÷8 ×1 ✓ M<br>= 0,9375 m ✓CA<br><br>0,9375 m sal nie op die werklike tafel pas nie.<br><br>Vervolgens sal die skaal 1 : 8 NIE geskik is NIE. ✓✓O | 1A berekening van die helfte van die tafel<br><br>1M gebruik van skaal<br><br>1CA berekening van die model se lengte<br><br>2O afleiding<br>(5) | MP<br>L4 |
| | | **[29]** | |

| VRAAG 5 [22 PUNTE] | | | |
|---|---|---|---|
| **Vraag** | **Oplossing** | **Verduideliking** | |
| 5.1.1 | Volume van 'n silinder $= \pi \times (\text{radius})^2 \times \text{hoogte}$<br>$60\text{m}^3 = 3{,}142 \times (\text{radius})^2 \times 7{,}35 \text{ m}$ ✓ SF<br>$(\text{radius})^2 = \dfrac{60\,\text{m}^3}{3{,}142 \times 7{,}35\,\text{m}}$ ✓ M<br>$= 2{,}598111173 \text{ m}^2$<br>radius $= \sqrt{2{,}598111173}$ ✓ M<br>$= 1{,}611865743$ m ✓ CA<br>middellyn $= 1{,}611865743 \text{ m} \times 2$<br>$= 3{,}223731486$ m ✓ CA | 1S vervanging<br>1M verander die onderwerp<br>1M vierkantswortel<br>1CA radius<br>1CA middellyn<br>(5) | M<br>L3 |
| 5.1.2 | Totale kapasiteit $= 4 \times 60 \text{ m}^3$ ✓ M<br>$= 240 \text{ m}^3$ ✓ C<br>= 240 000 ℓ ✓ M<br>Kapasiteit in gelling $= \dfrac{240\,000}{3{,}7}$ ✓ CA<br>≈ 64 864,86 | 1M vermenigvuldiging<br>1C herlei na ℓ<br>1M deling<br>1CA gelling<br>(4) | M<br>L2 |
| 5.1.3 | Volume van kunsmis in silo's<br>$= (15\% \times 60 \text{ m}^3) + (\frac{1}{4} \times 60 \text{ m}^3)$ ✓ M<br>$= 9 \text{ m}^3 + 15 \text{ m}^3$<br>$= 24 \text{ m}^3$ ✓ A<br>✓ M<br>Kunsmis benodig vir graanveld = 1 055 acres × 22,65 kg<br>= 23 895,75 kg<br>$= \dfrac{23\,895{,}75}{1{,}3}$ liter<br>= 18 381,35 liter ✓ C<br>Volume van kunsmis benodig = 18 381,35 ÷ 1 000<br>$= 18{,}38\ldots \text{ m}^3$<br>$\approx 18{,}4 \text{ m}^3$ ✓ C<br>Sy sal genoeg kunsmis het vir die graanveld. ✓ O | 1M % en $\frac{1}{4}$ van 60<br>1A volume van silo's<br>1M vermenigvuldig met 22,65<br>1C herlei na ℓ<br>1C herleiding<br>1O afleiding<br>(6) | M<br>L4 |

| Vraag | Oplossing | Verduideliking | |
|---|---|---|---|
| 5.2 | Junie, Julie, Aug.<br>Gemiddelde (2012) = $\frac{93,8+282,2+52,2}{3}$ ✓ M<br>= 142,73 mm ✓ A<br><br>Gemiddelde (2013) = $\frac{244,2+56,2+19,0}{3}$<br>= 106,47 mm ✓ A<br>Gemiddelde (2014) = $\frac{316,4+32,6+14,8}{3}$<br>= 121,27 mm ✓ A<br>Gemiddelde (2015) = $\frac{68,0+16,4+215,2}{3}$<br>= 99,8667 mm ✓ A<br>Die waarskynlikheid sal 75 % wees. ✓ ✓CA | 1M konsep van gemiddelde<br>1A Gemiddelde 2011<br><br>1A Gemiddelde 2012<br><br>1A Gemiddelde 2013<br><br>1A Gemiddelde 2014<br><br>2CA waarskynlikheid in %<br>(7) | P<br>L2<br>L4 |
| | | **[22]** | |
| | | **TOTAAL: 150** | |